E.S. VAN EEDEN
*Carletonville: van pionierstreek tot goudspens*
Departement Geskiedenis, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom
1995
329 pp.
ISBN 0-620-18941-X

Die publikasie van hierdie boek is die hoogtepunt van 'n omvattende navorsingsprojek wat die geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit sedert 1986 in opdrag van die Stadsraad van Carletonville onderneem het. Nie minder nie as nege honneursskripsies, twee meestersverhandelings en 'n doktorale proefskrif het uit hierdie projek voortgespruit. Terselfdertyd het die oorgangsraad en gemeenskap van Carletonville 'n plaaslike geskiedenis van hoë standaard gekry. Aangesien betreklik min oor Wes-Transvaal uit die penne van historici verskyn, moet hierdie studie beslis verwelkom word.

Vandag word Carletonville by uitstek met die goudbedryf verbind. Die goudmynbedryf is stellig die mees dinamiese ontwikkelingsfaktor in die geskiedenis van hierdie voorheen agrariese gebied, maar dit het maar die laaste sowat vyftig jaar op die voorgrond getree. Die Gatsrand-gebied is egter van pre-historiese tye af bewoon, soos die talle argeologiese oorblyfsels getuig. Trouens, 'n hoë mate van verborgenheid omhul steeds hierdie vroeëre geskiedenis — onder meer die byna mistieke 'hutgrotte' op die plaas Kleinfontein. Hier is ongetwyfeld 'n ryk veld vir toekomstige argeologiese navorsing.

Meer is oor die gebied bekend sedert dit in die laat 1830's deur die Voortrekkers beset is. Hoewel dit verstaanbaar is dat besonderhede oor die vroeë geskiedenis nie altyd geredelik bekombaar is nie, bly die hoofstuk oor die vroeëre geskiedenis ietwat dun. Dit is nietemin opvallend dat bekende werke soos dié van Rasmussen, Lye, Schapera en selfs die minder betroubare Breutz oënskynlik nie geraadpleeg is nie. Die inkonsekwente en verouderde gebruik van etniese name soos Kwena (p. 18) maar Bakwena (p. 36), asook Batlapin en Barolong (in plaas van Tlhaping en Rolong) is ook steurend. Op p. 26 word die anneksasie van Natal as 1843 aangedui, maar op p. 31 as Julie 1842.

Die verhaal kom eers werklik vanaf die ZAR-tydperk (hoofstuk 3) op dreef. 'n Chronologies-tematiese benadering word gevolg, hoewel die keuse vir die volgorde van temas soms lukraak voorkom. Die verhaal word hier nie geweef rondom 'n sentrale tema soos die ekonomiese ontwikkeling nie. Laasgenoemde is immers die dryfkrag vir gemeenskapsontwikkeling en het deurgaans feitlik alle ander samelewingsterreine beïnvloed. Dit wil nie sê dat al die besonderhede nie vir die plaaslike gemeenskap van belang sal wees nie, maar die aanbieding daarvan soos dit hier staan, kom ietwat soos 'n opgawe voor.

Nietemin dek die outeur al die aspekte van die gemeenskapslewe wat normaalweg in 'n plaaslike geskiedenis voorkom: die politiek, regspleging en militêre aktiwiteite, godsdiensoefening, onderwys en opvoeding, ekonomiese ontwikkeling, gesondheidsdienste en kommunikasie. Die Gatsrand het ongetwyfeld 'n sleutelrol tydens die Anglo-Boereoorlog gespeel. Indien die wisselwerking tussen plaaslike en nasionale geskiedenis in ag geneem word, bly talle vrae egter onbeantwoord. Wat was die Gatsranders se posisie en houding tydens die burgeroorlog van 1860-1864 in die ZAR? Wat was die impak van die oopstelling van die Randse goudveld en ontstaan van 'n bykans onversadigde mark na 1886 op die relatief nabygeleë Gatsrand? Het jag nooit die rol van ekonomiese stutbedryf vir die landbou vervul nie? Met die onlangse verskyning van Charles van Onselen se boek oor Kas Maine wonder 'n mens ook of deelsaaiery nie 'n integrale deel van die ekonomiese opset was nie. Maar soos in die inleiding aangetoon word, is hierdie nie die finale woord oor die Gatsrand nie en kan sulke temas steeds in die toekoms bestudeer word.

Die skrywer slaag uitstekend daarin om die belangrikheid en invloed van die goudmynbedryf in die 20ste-eeuse geskiedenis bykans deurgaans op die voorgrond te stel. Dit was immers die gevolge van die ontdekking van goud wat tot dorpstigting in die gebied aanleiding gegee het. Die goudmynbedryf het vanaf die jare dertig ongekende groei gebring en hierdie voorheen afgesonderde randgebied in die middelpunt van Suid-Afrika se ekonomiese ontwikkeling geplaas. Die goudmynbedryf het trouens soos die outeur heel tereg aandui sedertdien 'n betekenisvolle bydrae tot

die nasionale welvaart gelewer. Carletonville is in 1948 geproklameer en het reeds in 1959 munisipale status verwerf. Hoewel die skrywer noem dat hierdie studie onvermydelik meer klem op die aandeel van die wit bevolkingsgroep plaas, is tog deurgaans gepoog om almal — regeerder, werker, bewoner en ontevredene — by die verhaal te betrek. Toekomstige studies sal waarskynlik meer fokus op die swart dorp Khutsong en die bevrydingstryd wat ook hier, veral vanweë die hoë bevolkingskonsentrasie rondom die myne, fel gevoer is.

Maar die inwoners van Carletonville en Khutsong moes ook soms 'n hoë prys vir vooruitgang betaal. Die grootskaalse onttrekking van ondergrondse water deur die omliggende myne het in die jare sestig tot grootskaalse grondverskuiwings gelei. Die verdwyning van die Oosthuizen-gesin met huis en huishulp en al in 'n sinkgat in 1964 sal altyd hierdie tragiese era in herinnering roep. Terselfdertyd weerspieël die afwesigheid van die huishulp se naam op die gedenkteken wat daar opgerig is deels die heersende sosiaal-politieke ondertone wat soos in die meeste ander tydgenootlike Suid-Afrikaanse dorpe aanwesig was. Die voorkoms van sinkgate het daarna vir jare lank Carletonville — wat op 'n tydstip as 'n tweede Johannesburg in wording bestempel is — se ontwikkeling gekniehalter. Selfs die landbou is ingrypend deur die mynbou-aktiwiteite beïnvloed en plase, asook van die kleiner dorpies, moes geheel en al ontruim word.

Teen die middel sewentigerjare het die Carletonville-gebied egter 'n tweede voorspoedgolf binnegegaan nadat die gevare van grondverskuiwings in 'n sekere mate uitgeskakel is. Nuwe goudmyne soos Deelkraal en Elandsrand was die dryfveer vir voortgesette ekonomiese groei en dinamiese gemeenskapsontwikkeling op alle terreine. Apartheid het ook deeglik impak op die plaaslike gemeenskappe gehad in die vorm van onder meer groepsgebiede en gedwonge verskuiwings. Trouens, toe Suid-Afrika al begin wegbeweeg het van hierdie veelbewoë era, het dit op Carletonville nog 'n korstondige herlewing gehad toe die Konserwatiewe Party met die vakbondveteraan Arrie Paulus aan die spits eers die parlementêre (1987) en daarna ook die munisipale verkiesing (1988) gewen, en sogenaamde kleinapartheidmaatreëls heringestel het — die sakesektor se weerstand en 'n swart verbruikersboikot ten spyt.

Die boek word afgesluit met 'n hoofstuk oor die Carletonville-gebied binne die nuwe Suid-Afrika — 'n era wat oënskynlik nie gemeenskapsontwikkeling veel gedemp het nie ten spyte van 'n nuwe bedeling op plaaslike bestuursvlak. Enkele insiggewende bylaes, volledige bronverwysings en 'n indrukwekkende bronnelys rond die boek af. Die outeur verdien ook 'n pluimpie vir die keurvolle illustrasies soos foto's, tabelle en kaarte, asook die talle bykomende inligting wat in kantaantekeninge verskaf word. Die beknopte sakeregister van slegs een bladsy sal egter naslaan bemoeilik.

Met hierdie studie het Elize van Eeden haar nie alleen gevestig as 'n outoriteit oor die geskiedenis van die Gatsrand-gebied nie, maar ook as streekhistorikus van formaat. Hoewel kritiek teen hierdie werk ingebring kan word, is dit 'n welkome toevoeging tot die historiografie. 'n Plaaslike geskiedenis soos hierdie beklemtoon opnuut die fassinerende tafereel van menslike aktiwiteit en problematiek binne 'n kleiner geografiese gebied wat meestal onopsigtelik voltrek word.

P.H.R. Snyman
*ABSA Bank Beperk*